$\frac{x}{3} \times \frac{4}{4} + \frac{2x-1}{4} \times \frac{3}{3} = 1$

$\frac{4x}{12} + \frac{6x-3}{12} = 1$

$\frac{4x+6x-3}{12} \times \frac{12}{1} = 1 \times \frac{12}{1}$

$4x + 6x - 3 = 12$

$10x - 3 = 12$

$10x = 15$

$\frac{10x}{10} \times \frac{15}{10}$

$x = \frac{3}{2}$

$x = 1\frac{1}{2}$

g. $\frac{x}{4} + \frac{2x+1}{2} = 1$

h. $\frac{x}{5} + \frac{3x-2}{2} = 1$

**Probleemoplossing**

Ontwikkel algebraïese vergelykings wat vir jou 'n antwoord gee van:

a. $x = \frac{3}{4}$

b. $x = \frac{1}{2}$

c. $x = \frac{5}{2}$

Teken:

Datum:

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 38 Los vergelykings op in die vorm: 'n produk van faktore is gelyk aan nul

**Hersien die volgende:**

$x^2 + 6x + 8$

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| | |
|---|---|
| $x^2$ | |
| | 8 |

| | |
|---|---|
| $x^2$ | $2x$ |
| $4x$ | 8 |

$2 \times 4 = 8$
$2 + 4 = 6$

| | $x$ | $+ 2$ |
|---|---|---|
| $x$ | $x^2$ | $2x$ |
| $+ 4$ | $4x$ | 8 |

**1. Faktoriseer:**

**Voorbeeld:** $x^2 + 5x + 6$
$= (x + 2)(x + 3)$

a. $x^2 - x - 6 =$

b. $x^2 + 9x + 14 =$

**2. Los vir $x$ op:**

$x + 1 = 0$
$x + 1 - 1 = 0 - 1$
$x = -1$

$x + 3 = 0$
$x + 3 - 3 = 0 - 3$
$x = -3$

**Voorbeeld** $(x + 1)(x + 3) = 0$
$x + 1 = 0$ of $x + 3 = 0$
$x = -1$ of $x = -3$

a. $(x + 2)(x + 3) = 0$

b. $(x + 4)(x - 1) = 0$

**3. Faktoriseer:**

$x.x - 3x$
$x(x - 3x)$

**Voorbeeld:** $x^2 - 3x$
$= x(x - 3)$

a. $x^2 + 2x =$

b. $x^2 + 5x =$

**4. Los vir $x$ op:**

Hoekom is dit so belangrik om te weet hoe om 'n polinoom te faktoriseer?

**Voorbeeld:** $x^2 - 3x = 0$
$= x(x - 3) = 0$
$x = 0$ of $x - 3 = 0$
$x = 0$ of $x = 3$

a. $x^2 + 2x = 0$

b. $x^2 - 6x = 0$

**5. Faktoriseer.**

$= (x + 5)(x - 5)$
$= x^2 + 5x - 5x - 25$
$= x^2 - 25$

**Voorbeeld:** $x^2 - 25$
$= x^2 - 5^2$

a. $x^2 - 36 =$

b. $x^2 - 16 =$

**6. Bereken die vierkantswortel en gebruik die voorbeeld om positiewe en negatiewe getalle te toon.**

**Voorbeeld:** $\sqrt{25}$
$\sqrt{5.5}$ of $\sqrt{-5.-5}$
$= 5$ of $-5$

Hoekom is $\sqrt{25} = \sqrt{5.5}$ of $\sqrt{-5, -5}$?



$5 \times 5 = 25$
en
$-5 \times -5 = 25$

a. $\sqrt{36}$

b. $\sqrt{16}$

**7. Los vir $x$ op.**

**Voorbeeld:** $x^2 - 25 = 0$
$x^2 = 25$
$x^2 = 5^2$
$\sqrt{x^2} = \sqrt{5^2}$
$x = \pm 5$
$x = +5$ *of* $x = -5$

Toets:
$x^2 - 25 = 0$
$(5)^2 - 25 = 0$
$25 - 25 = 0$
$0 = 0$

$(5)^2 - 25 = 0$
$25 - 25 = 0$
$0 = 0$

a. $x^2 - 49 =$

b. $x^2 - 36 =$

**Probleemoplossing**

Ontwikkel 'n som waar die produk van faktore gelyk is aan nul, en los dit dan op.

Teken:

Datum:

# 39 Konstrueer hoeke en poligone deur 'n gradeboog te gebruik




**Hersien die volgende:**


**Stap 1:** Trek 'n lynsegment. Merk dit AB.





**Stap 2:** Sit die gradeboog so neer dat die oorsprong (klein gaatjie) oor punt A is. Roteer die gradeboog sodat die basislyn presies langs lyn AB is.





**Stap 3:** Gebruik (in hierdie geval) die binneskaal en bepaal die gewenste hoek – hier 45°.





**Stap 4:** Maak 'n merkie by hierdie hoek en verwyder die gradeboog.




**Stap 5:** Gebruik 'n liniaal om 'n lyn A te trek na die merkie wat jy pas gemaak het. Merk hierdie punt C.




**Stap 6:** Die lyn wat getrek is, vorm 'n hoek BAC met 'n meting van 45°.




1. **Konstrueer die volgende as 'n hersieningsaktiwiteit deur 'n gradeboog te A. Benoem die hoeke. Doen dit op 'n aparte vel papier of in 'n oefeningboek.**
   a. Stomphoek b. Skerphoek c. Inspringende hoek
   d. Reguit hoek e. Regte hoek f. Omwenteling
2. **Noem al die belangrikste vorms van veelhoeke en driehoeke. Benoem die hoeke daarvan.**
   a. Veelhoek
   b. Driehoeke
3. **Trek die volgende hoeke en poligone. Benoem dit.**
   a. 'n 60°-hoek.
   b. 'n 270°-hoek.
   c. 'n Driehoek met een 45°-hoek en een 65°-hoek.
   d. 'n Driehoek met 'n 80°- en 35°-hoek.
   e. 'n Vierhoek met een 70°-hoek en een 121°-hoek.
   f. 'n Vierhoek met twee 85°-hoeke.

**Probleemoplossing**

Konstrueer die bo-aansig van 'n uiters moderne huis deur 'n gradeboog te gebruik.


Teken:

Datum:


# 40a Gebruik 'n passer

**Hersiening:**


Om 'n sirkel akkuraat te trek, gebruik 'n passer.




Stel die potloodpunt gelyk met die passerpunt.




Skroef die potlood ook styf vas sodat dit nie uitglip nie.




Maak seker dat die skarnier bo-op die passer vasgeskroef is sodat die passer nie gly nie.



Stel die passer op die radius van die sirkel. Die radius is die afstand tussen die middelpunt en die omtrek; dit is die helfte van die middellyn.



Druk die passerpunt vas en draai die knop aan die bokant van die passer om 'n sirkel te trek.




**1. Trek 'n sirkel. Gee 'n alledaagse voorbeeld van 'n sirkel van hierdie grootte.**

| a. met 'n radius van 1,8 cm. | b. met 'n middellyn van 3,2 cm. | c. met 'n radius van 16 mm. |
|---|---|---|
| Voorbeeld uit die alledaagse lewe: | Voorbeeld uit die alledaagse lewe: | Voorbeeld uit die alledaagse lewe: |

**2. Hersiening: Konstrueer loodregte lyne van albei kante af.**


**Stap 1**

Trek 'n lyn en merk A en B daarop. Plaas die passerpunt op A en maak die passer oop sodat die potlood aan B raak. (Jy het dus die lengte van AB met die passer "gemeet".)





**Stap 2**

Los die passer se punt op A en maak met die passer 'n boog ongeveer twee derdes van die lyn se lengte.





**Stap 3**

Met die passer se breedte dieselfde, beweeg die passer punt na B en trek nog 'n boog wat die eerste boog by twee punte kruis. Benoem hierdie punte C en D.




**Stap 4**

Trek 'n lyn deur punte C en D wat die lyn AB by E halveer.





Teken:

Datum:

vervolg ☛

# 40b Gebruik 'n passer vervolg


Trek lyne wat loodreg is aan hierdie deur 'n gradeboog te gebruik.



**3. Hersiening: Konstrueer 'n 45°-hoek op 'n aparte vel papier.**


**Stap 1**

Volg die stappe om 'n loodregte lyn te trek.





**Stap 2**

Los die passerpunt op C en trek 'n boog met die passer wat ongeveer halfpad tussen C en B is. Plaas dit op B en trek 'n boog wat die eerste een kruis.




**Stap 3**

Merk dit as E en trek die lyn van D na E, wat twee 45°-hoeke vorm.




**4. Gebruik jou kennis van hoe om 'n 45°-hoek te konstrueer om jou te help om hierdie hoeke te vorm.**

| | |
|---|---|
| a. 22,5° -hoek | b. 11,25° -hoek |
| c. 135° -hoek | d. 112,5° -hoek |

**Probleemoplossing**

Wys in vier stappe hoe jy 'n 225°-hoek sal trek.

Teken:

Datum:

# 41a Konstruksie van driehoeke

Wie konstrueer driehoeke in hul alledaagse lewe? Gebruik van die riglyne hierna.

'n Driehoek is 'n baie sterk struktuur. Die driehoek word in strukturele ontwerpe gebruik om gewig te versterk en te ondersteun.




Die regte driehoek is een van die belangrikste meetkundige figure en word al duisende jare lank in talle toepassings gebruik.



1. **Konstrueer ΔABC, waarin AB = 5 cm, AC = 3,5 cm en BC = 4 cm. Volg die stappe.**

**Hoe om 'n driehoek te konstrueer as drie sye gegee word (SSS).**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 5 cm. | **Stap 2:** Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius 3,5 cm. |
| **Stap 3:** Trek nog 'n boog, met B as middelpunt en radius 4 cm, wat die boog van C sny. | **Stap 4:** Verbind AC en BC. |





**Oefen:**

2. **Konstrueer ΔCDE, waarin CD = 2,5 cm, DE = 4,2 cm en CE = 3,6 cm.**

3. **Konstrueer 'n driehoek ABC, waarin AB = 5,5cm, BC = 4,5cm en ∠ABC = 60°.**

**Hoe om 'n driehoek te konstrueer as twee sye en die ingeslote hoek gegee word (SHS).**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 5,5 cm. | **Stap 2:** Konstrueer 'n hoek ABX = 60° by B. |
| **Stap 3:** Trek 'n boog, met B as middelpunt en radius 4,5 cm, wat BC by C sny. | **Stap 4:** Verbind AC. ΔABC is dan die verlangde driehoek. |




Let wel: Jy kan BC = 4,5 cm as die basis neem in plaas van AB.

**Oefen:**

Teken:

Datum:

vervolg ☛


# 41b Konstruksie van driehoeke vervolg

**4. Konstrueer 'n driehoek DEF, waarin DE = 3,7 cm, EF = 41 mm en ∠DEF = 55°.**

**5. Konstrueer 'n ΔABC, waarin ∠A = 60°, ∠B = 45° en AB = 4,5 cm.**

**Hoe om 'n driehoek te konstrueer as twee hoeke en die ingeslote sy gegee word (HSH).**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 4,5 cm. | **Stap 2:** Konstrueer ∠BAX = 60° by A. |
| **Stap 3:** Konstrueer ∠ABY = 45° by B, met BY wat AX by C kruis. | ΔABC is dan die verlangde driehoek |





**Oefen:**

**6. Konstrueer 'n ΔKLM, waarin ∠K = 48°, ∠L = 48° en sy KL = 3,9 cm.**

**7. Konstrueer 'n regte driehoek ABC wat reghoekig by B is, met sy BC = 4 cm en skuinssy AC = 6 cm.**

**Hoe om 'n regte driehoek te konstrueer as die skuinssy en 'n sy daarvan gegee word.**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek BC = 4 cm. | **Stap 2:** Konstrueer ∠CBP = 90° by B. |
| **Stap 3:** Trek 'n boog, met C as middelpunt en radius 6 cm, wat BP by A sny. | **Stap 4:** Verbind AC. |




Die skuinssy is die sy wat teenoor die regte hoek in 'n reghoekige driehoek staan.

**Oefen:**

**8. Konstrueer 'n regte driehoek XYZ, wat reghoekig is by Y, met sy YZ = 5 cm en skuinssy XZ = 7 cm.**

**Probleemoplossing**

Konstrueer 'n gelykbenige driehoek.

Teken:

Datum:

# 42a Konstruering van vierhoeke (tetragone)

**Hoe het die ontwerpers van hierdie kamers vierhoeke gebruik?**




**1. Konstrueer 'n reghoek ABCD waar AB = 4 cm en AC = 5 cm.**

**Hoe om 'n reghoek te konstrueer as een van sy diagonale en 'n sy gegee word.**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 4 cm. | **Stap 2:** Trek ∠ABQ = 90° by B. |
| **Stap 3:** Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius 5 cm, wat BQ by C sny. | **Stap 4:** Trek 'n boog, met C as middelpunt en radius 4 cm. |
| **Stap 5:** Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius = BC, wat die boog, wat in stap 4 getrek is, by D sny. | **Stap 6:** Verbind DC en AD. |

Onthou dat in 'n vierhoek elke hoek 90° is.





**Oefen:**

**2. Konstrueer 'n reghoek KLMN, waarin KL = 3,6 cm en KM = 4,5 cm.**

**3. Konstrueer 'n vierkant ABCD waarin AB = 4,5 cm.**

**Hoe om 'n vierkant te konstrueer as die sy daarvan gegee word.**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 4,5 cm. | **Stap 2:** Konstrueer ∠ABQ = 90° by B. |
| **Stap 3:** Sny BC = 4,5 cm van BQ af. | **Stap 4:** Trek twee boë met radiusse van 4,5 cm elk vanaf A en C om mekaar by D te sny. |
| **Stap 5:** Verbind AD en CD. | |




**Oefen:**

Teken:
Datum:

vervolg ☛


# 42b Konstruering van vierhoeke vervolg

4. Konstrueer 'n vierkant GHIJ, waarin GH = 32 mm.

5. Konstrueer 'n parallelogram waarvan die aangrensende sye 5 cm en 3 cm en die ingeslote hoek 60° is.

**Hoe om 'n parallelogram te konstrueer as twee aangrensende sye en die ingeslote hoek gegee word.**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AB = 5 cm. | **Stap 2:** Konstrueer ∠ BAQ = 60° by A. |
| **Stap 3:** Sny AD = 4 cm van AQ af. | **Stap 4:** Trek twee boë, met B en D as middelpunte en radiusse gelyk aan onderskeidelik 4 cm en 5 cm, wat mekaar by C sny. |
| **Stap 5:** Verbind CD en BC. | |





Oefen:

6. Konstrueer 'n parallelogram waarvan die aangrensende sye 6 cm en 3 cm en die ingeslote hoek 60° is.

7. Konstrueer 'n rombus as een diagonal 5 cm en die sy 3 cm is.

**Hoe om 'n rombus te konstrueer as een diagonal en sy gegee word.**

| | |
|---|---|
| **Stap 1:** Trek AC = 5 cm | **Stap 2:** Met A as middelpunt en radius 3cm, trek twee boë – een bo AC en een onder AC. |
| **Stap 3:** Met C as middelpunt en radius 3 cm, trek twee boë – die een bo AC en die ander een onder AC waar die boë van stap 2 mekaar sny in B en D onderskeidelik. | **Stap 4:** Verbind AB, BC, CD en AD |




Oefen:

8. Konstrueer 'n rombus as een van sy diagonal 4 cm en die sy 3 cm is.

Teken:
Datum:

# 43 Reëlmatige en onreëlmatige poligone

**Trek drie voorbeelde elk van reëlmatige en onreëlmatige poligone. Onthou om jou poligone te benoem.**

DEFINISIE

As al die hoeke gelyk is en al die sye gelyk is, dan is dit 'n **reëlmatige** poligoon.

As die hoeke en die sye nie gelyk is nie, dan is dit 'n **onreëlmatige** poligoon.

Die grootte van die binnehoeke van reëlmatige veelhoeke is gegee. Met onreëlmatige veelhoeke kan jy voorbeelde gee.

**1. Voltooi die tabel:**


| Poligoon | Totale aantal sye | Hoekgroottes | Totaal: |
|---|---|---|---|
| Reëlmatige driehoek | 3 | 60° + 60° + 60° | 180° |
| Onreëlmatige driehoek | | | |
| Reëlmatige vierhoek | | | |
| Onreëlmatige vierhoek | | | |
| Reëlmatige vyfhoek | | | |
| Onreëlmatige vyfhoek | | | |
| Reëlmatige seshoek | | | |
| Onreëlmatige seshoek | | | |
| Reëlmatige sewehoek | | | |
| Onreëlmatige agthoek | | | |
| Reëlmatige negehoek | | | |
| Onreëlmatige negehoek | | | |
| Reëlmatige tienhoek | | | |
| Onreëlmatige tienhoek | | | |

**2. Wat is dit dié? Watter poligoon (poligone) kan jy identifiseer? Beskryf die poligone.**





**3. Kyk na die kameelperd. Identifiseer al die reëlmatige en onreëlmatige poligone daarop. Beskryf dit.**



**4. Watter tipe kuns is dit dié? Identifiseer al die meetkundige figure. Beskryf elkeen.**






**Probleemoplossing**

Konstrueer 'n onreëlmatige sestienhoek (heksadekagoon). Meet al die hoeke.

Teken: Datum:

# 44 Konstrueer 'n seshoek

**Hoe om 'n seshoek te konstrueer.**

| **Stap 1:** Trek 'n sirkel. Hou die passer op dieselfde radius. | **Stap 2:** Gebruik 'n passer en maak merkies, wat ewe ver van mekaar is, op die omtrek. | **Stap 3:** Benoem die punte en verbind dit dan. |
|---|---|---|
|  |  |  |

**Identifiseer die seshoeke en verduidelik hoe dit gebruik word.**









**1. Konstrueer 'n seshoek en benoem die hoekpunte A tot F.**

a. Is dit 'n reëlmatige of onreëlmatige seshoek? Hoekom?

b. Wat is die lengte van die sye? Hoe sal jy dit met behulp van 'n passer meet?

c. Wat is die groottes van die hoeke? Hoe sal jy dit (i) sonder 'n gradeboog en (ii) met 'n gradeboog bepaal?

d. Wat is die afstand vanaf AD, FC, of BE? Wat is hierdie van die sirkel?

e. Wat is die verhouding tussen AD en AB?

**2. Konstrueer 'n reëlmatige seshoek, waar die sye 3,2 cm is.**

**Probleemoplossing**


Konstrueer 'n twaalfhoek deur middel van 'n soortgelyke metode as wat in hierdie werkblad gebruik word.

Teken:


Datum:

# 45 Konstruksie van 'n vyfhoek


**Stap 1:** Trek 'n sirkel met radius AB om A.





**Stap 2:** Trek 'n sirkel met radius AB om B. Noem die snypunt C en D.





**Stap 3:** Trek 'n sirkel met radius DA om D. Sirkel D sny lyn CD by E.





**Stap 4:** Sirkel D sny sirkel A by F en sny sirkel B by G.




**Stap 5:** Trek 'n lyn deur FE en 'n lyn deur GE. Lyn FE sny sirkel B by H. Lyn GE sny sirkel A by I.




**Stap 6:** Stel jou passer om so lank soos AI te wees. Plaas die passerpunt op I en trek 'n klein bogie bo C. Plaas dan jou passerpunt op H en trek 'n boog wat die eerste boog kruis. Benoem die snypunt J.



**Stap 7:** Al die punte A, B, I, H, J en I is punte van die vyfhoek. Verbind hulle.

Waar kan jy moontlik hierdie vyfhoekige kasteel aantref?



1. **Konstrueer 'n vyfhoek en benoem die hoekpunte daarvan A, B, H, J en I.**

2. **Beantwoord die volgende:**

a. Voltooi die volgende: JH = _____ = _____ = _____ = _____

b. Is die vyfhoek reëlmatig of onreëlmatig? Hoekom?

c. Beskryf AB, DA en DB.

3. **Trek 'n reëlmatige vyfhoek met sye wat gelyk is aan 2,3 cm.**

**Probleemoplossing**


Skryf stap vir stap neer hoe jy 'n vyfhoek sal konstrueer deur 'n gradeboog te gebruik.

Teken:


Datum:

# 46 Konstruksie van 'n agthoek


**Stap 1:** Teken 'n sirkel met middelpunt O en middellyn AOB.





**Stap 2:** Teken nog 'n middellyn COD, loodreg aan AOB.





**Stap 3:** Halveer die regte hoek AOC en die regte hoek BOD.




**Stap 4:** Halveer die regte hoek COB en AOD.






**Stap 5:** Verbind al die kruispunte op die omtrek van die sirkel met reguit lyne om die agthoek (oktagoon) te vorm.




**Hoe word agthoeke gebruik?**





**1. Konstrueer nou self 'n agthoek.**

**2. Voltooi die volgende:**

a. OA = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____

b. Wat is hierdie van die sirkel?

c. AE = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____

d. Wat is hierdie van die sirkel?

**3. Trek 'n reëlmatige agthoek met gelyke radiusse van 2,8 cm.**

**Probleemoplossing**

Skryf stap vir stap neer hoe jy 'n agthoek sal konstrueer deur 'n gradeboog te gebruik.

Teken:




Datum:

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 47 Binnehoeke van 'n driehoek

Hersien: Daar is spesiale name vir driehoeke in ooreenstemming met:

**Sye**

| Gelyksydige | Gelykbenige | Ongelykbenige |
|---|---|---|
|  |  |  |

**Hoeke**

| |
|---|
| **Skerphoek:** Alle hoeke is minder as 90°. |
| **Regte hoek:** Dit het 'n regte hoek (90°). |
| **Stomphoek:** Dit het 'n hoek van meer as 90°. |

**1. Lees die volgende en benoem die driehoek.**

**Bewys dat: :** $\angle A + \angle B + \angle C = 180°$

**Konstruksie:** Trek 'n lyn DAE deur A wat parallel aan BC is.

**Bewys:** Aangesien DE parallel aan BC is en AB 'n snylyn is

$\therefore \angle B = \angle DAB$ (paar verwisselende hoeke)

Net so $\angle C = \angle EAC$ (paar verwisselende hoeke)


$\therefore \angle B + \angle C = \angle DAB + \angle EAC$ (twee pare verwisselende hoeke)

Nou $\angle A + \angle DAB + \angle EAC = 180°$ (reguitlyn)


en omdat $\angle DAB + \angle EAC = \angle B + \angle C$
$\therefore \angle A + \angle B + \angle C = 180°$

Die som van die drie hoeke van 'n driehoek is 180°.

Versoek jou onderwyser om verwisselende snylyne saam met jou te bereken.



**2. Die som van die drie hoeke van 'n driehoek is 180°.**




**3. Bereken en konstrueer hierdie driehoeke. Klassifiseer elke driehoek.**

Let op dat jou antwoorde en konstruksies kan verskil van dié van jou klasmaats.

a. $\angle A + \angle B + 90° = 180°$

b. $\angle A + 45° + \angle C = 180°$

c. $100° + \angle B + \angle C = 180°$

d. $\angle A + 65° + \angle C = 180°$

e. $\angle A + 60° + \angle C = 180°$

f. $120° + \angle B + \angle C = 180°$

**Probleemoplossing**

As een hoek van 'n driehoek gelyk is aan 45°, wat kan die groottes van die ander hoeke wees? Gee vyf verskillende moontlikhede.

Teken:


Datum:


# 48a Driehoeke

Simbole in meetkunde. Identifiseer simbole wat ons gebruik wanneer ons met driehoeke werk. Gee 'n rede vir elke simbool.

| Driehoek | Hoek | Loodregte | Parallelle | Grade | Regte hoek |
|---|---|---|---|---|---|
| △ | ∠ | ⊥ | ‖ | ° | ∟ |
| **Lynsegment** | **Lyn** | **Halfstraal** | **Kongruente** | **Gelyksoortige** | **Dus** |
| $\overline{AB}$ | $\overleftrightarrow{AB}$ | $\overrightarrow{AB}$ | ≅ | ~ | ∴ |

1. Meet die sye van die driehoeke. Benoem die driehoeke en beskryf dit dan.

a. 

b. 

Dink aan woorde soos tipes driehoeke, kongruent, transformasies, en dies meer.

2. Wat beteken hierdie simbole?

$\Delta ABC$

$\overline{AB} = \overline{AC}$

$\angle ABC = \angle ACB$

3. Teken 'n gelykbenige driehoek en dui aan hoe jy dit na 'n gelyksydige driehoek sal verander. Etiketteer jou tekeninge met die toepaslike geometriese simbole.`

4. Wat beteken hierdie simbole?

$\Delta ABC$

$\overline{AB} \neq \overline{AC} \neq \overline{BC}$


$\angle ABC \neq \angle ACB \neq \angle BAC$

5. Skryf die simbole neer wat toon wat gebeur het wanneer jy 'n ongelyksydige driehoek na 'n gewone driehoek verander.

6. a. Konstrueer en benoem 'n reghoekige driehoek.

b. Verander die onreëlmatige driehoek in 6.a. in 'n reëlmatige driehoek.

7. Kyk na die diagram en voltooi dan die vrae.



a. Wat is dit dié? ______________________

vervolg

Teken:

Datum:

# 48b Driehoeke vervolg



b. Waar sal jy 'n voorbeeld van hierdie vorm in die natuur vind?_______________


c. Watter tipe driehoeke is dit?_______________

d. Is die driehoeke reëlmatig of onreëlmatig?_______________

e. Kan ek hierdie driehoeke in kleiner driehoeke verdeel?_______________

f. Watter tipe driehoeke sal dit vorm?_______________

**8. Kyk na die patrone in hierdie brandskilderglasvenster.**



Sien jy enige driehoeke raak? Sien jy enige onreëlmatige meetkundige vorms?

**9. Kies die regte antwoord en maak 'n merkie (√) langs die antwoord:**

a. Watter van die volgende kan die hoeke van 'n driehoek wees?
   i. 65°, 45° en 80°
   ii. 90°, 30° en 61°
   iii. 60°, 60° en 59°
   iv. 60°, 60° en 60°

b. Die skuinssy van 'n driehoek is:
   i. Die sy wat teenoor die regte hoek in 'n reghoekige driehoek staan.
   ii. Die sy langs die regte hoek in 'n reghoekige driehoek.
   iii. Die hoek van 'n reghoekige driehoek.
   iv. Al drie sye van 'n reghoekige driehoek.

c. 'n Gelyksydige driehoek:
   i. Twee sye is gelyk.
   ii. Al die sye is gelyk, maar nie die hoeke nie.
   iii. Al die sye en die binnehoeke is gelyk.
   iv. Al die hoeke is gelyk, maar nie die sye nie.

d. 'n Gelykbenige driehoek:
   i. Al die sye is gelyk.
   ii. Minstens twee sye is gelyk en die basishoeke daarvan is gelyk.
   iii. Minstens twee sye is gelyk, maar geen hoeke is gelyk nie.
   iv. Twee hoeke is gelyk, maar geen sye is gelyk nie.

e. 'n Reghoekige driehoek:
   i. Geen hoeke is regte hoeke nie.
   ii. Al die hoeke is 60°.
   iii. Twee hoeke is 90°.
   iv. Een hoek is 'n regte hoek.

f. 'n Reghoekige driehoek:
   i. Geen hoeke is regte hoeke nie.
   ii. Alle hoeke is 60°.
   iii. Twee hoeke is 90°.
   iv. Een hoek is 'n regte hoek.

**Probleemoplossing**

Maak jou eie brandskilderglaspatroon. Jy moet soveel onreëlmatige driehoeke moontlik gebruik.

Teken:

Datum:


0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 49 Poligone

**Praat oor hierdie vloeidiagram.**

- Driehoeke
  - Reëlmatig: Gelyksydige driehoek
  - Onreëlmatig:
    - Ongelykbenige driehoek
    - Gelykbenige driehoek
- Tetragone (vierhoeke)
  - Reëlmatig:
    - Vierkant
    - Rombus (ruit)
  - Onreëlmatig:
    - Reghoek
    - Parallelogram
    - Trapesium

**1. Gebruik die simbole en kleure om die vrae te beantwoord. Plak of teken prente van alledaagse voorbeelde langs elkeen of op 'n aparte stukkie papier.**




a. Wat is 'n tetragoon?

b. Beskryf 'n trapesium.

c. Beskryf 'n reghoek.

d. Beskryf 'n vierkant.

e. Beskryf 'n rombus.

f. Beskryf 'n vlieër.


g. Beskryf 'n parallelogram.

Dit word 'n trapesoïed in die Verenigde State van Amerika genoem.

**2. Konstrueer 'n vlieër, benoem dit en verdeel dit in twee driehoeke. Is hierdie driehoeke reëlmatig of onreëlmatig?**

**3. Verdeel 'n trapesium in onreëlmatige driehoeke. Benoem dit.**

**4. Identifiseer die reëlmatige en onreëlmatige poligone in hierdie mosaïek en benoem dit dan.**



**Probleemoplossing**

Ontwerp 'n mosaïekpatroon (jy kan ou stukkies papier gebruik) deur verskillende tipes poligone te gebruik.


Teken:

Datum:

# 50a Nog poligone


**Wat is 'n tangram?**

Die **tangram** is 'n disseksielegkaart wat bestaan uit sewe plat vorms, wat stukke genoem word en wat saamgepak word om vorms te skep. Die doel van die legkaart is om 'n spesifieke vorm te skep deur al sewe stukke, wat mekaar nie mag oorvleuel nie, te gebruik. Dit is oorspronklik in China uitgevind.



**1. Maak meetkundige vorms deur al die stukke van die tangram (Knipselblad 1) te gebruik. Maak 'n skets daarvan binne-in die antwoordraam en sê of dit 'n reëlmatige of onreëlmatige vorm is. Benoem die vorms van die onderdele daarvan. Ons het die eerste een vir jou gedoen.**

a. Maak 'n groot vierkant.




Reëlmatige vorm


b. Maak 'n reghoek.

c. Maak 'n parallelogram.

d. Maak 'n trapesium.

e. Maak enige ander tetragoon.

**2. Voltooi die tabel:**




| Meetkundige figuur | Watter breuk van die vierkant is dit? | Benoem die vorm. | Is die vorm reëlmatig of onreëlmatig? |
|---|---|---|---|
| a. AOD | | | |
| b. ADB | | | |
| c. OGFI | | | |


Teken:

Datum:


vervolg ☛


# 50b Nog poligone vervolg


3. Kyk na die vorms hieronder. Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die poligone?





4. Is die volgende vorms veelhoeke? Indien wel, is hulle reëlmatig of onreëlmatig? Gee redes vir jou antwoord.


i 

ii. 

iii. 

iv. 

v. 

vi. 

**Probleemoplossing**

Maak enige ander poligoon deur al sewe tangramstukke te gebruik. Trek die poligoon en beskryf dit.

Teken:

Datum:




0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# Gelyksoortige driehoeke

**Wat is gelyksoortigheid?**
Gelyksoortige driehoeke het die volgende eienskappe:

- Elke ooreenstemmende paar hoeke is gelyk.
- Die verhouding van enige paar ooreenstemmende sye is dieselfde.
- Dit het dieselfde vorm maar nie dieselfde grootte nie.

Simbool vir gelyksoortigheid:
Hierdie driehoeke is gelyksoortig:




Ons kan sien of twee driehoeke gelyksoortig is sonder om al die sye en al die hoeke van die twee driehoeke te toets.


Daar is twee reëls waarvolgens gelyksoortige driehoeke uitgeken kan word. Dit word die **HH-reël** en die **VHV-reël** genoem.

Solank as wat een van die reëls geld, is dit voldoende om te bewys dat die twee driehoeke gelyksoortig is.

**1. Gegewe die volgende driehoeke, vind die lengte van sy a.**

**HH-reël**
As twee hoeke van een driehoek gelyk is aan twee hoeke van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke gelyksoortig.

a.




**Oplossing:**

Stap 1: Die driehoeke is gelyksoortig vanweë die _____-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk. $\frac{6}{2} = \frac{9}{a}$


Stap 3: Maak gebruik van kruisvermenigvuldiging om te vereenvoudig.

'n Verhouding toon die relatiewe groottes van twee of meer waardes. Voorbeeld: 2:3

Hier is 'n voorbeeld van kruisvermenigvuldiging:
$\frac{2}{3} = \frac{4}{x}$
$2x = 12$
$x = 6$

**VHV-reël**
As die hoek van een driehoek dieselfde is as die hoek van 'n ander driehoek en die sye wat hierdie hoeke bevat, in dieselfde verhouding is, dan is die driehoeke gelyksoortig.

b.




**Oplossing:**

Stap 1: Die driehoeke is gelyksoortig vanweë die _______-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk.

Stap 3: Die lengte van a is:

Teken:
Datum:

vervolg ☛


Kwartaal 2

# 51b Gelyksoortige driehoeke vervolg




**2. Bepaal die lengte van sy a. Dui die reël aan wat jy gebruik.**


a.





b.





c.




d.




**3. Is dit gelyksoortige figure? Verduidelik jou antwoord.**




**Probleemoplossing**


Soek na twee figure in jou alledaagse lewe wat gelyksoortig is. Konstrueer dit.

Teken:

Datum:

# 52a Kongruente driehoeke


**Kongruente driehoeke is driehoeke wat dieselfde grootte en vorm het. Dit beteken dat die ooreenstemmende sye gelyk is en dat die ooreenstemmende hoeke gelyk is.**




- Die ooreenstemmende sye is: AB en DE, AC en DF, en BC en EF.
- Die ooreenstemmende hoeke is: $x$ en r, y en s, en z en t.
- Daar is vyf reëls om kongruente driehoeke te identifiseer.
- Hierdie is die reëls: **SSS, SHS, HSH, HHS** en **RSS.**


**1. Bespreek hierdie reëls en trek voorbeelde daarvan:**

**SSS-reël (Sy – Sy – Sy)**
As drie sye van een driehoek gelyk is aan drie sye van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.





a. Trek kongruente driehoeke deur die SSS-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan.

**SHS-reël (Sy – Hoek – Sy)**
As twee sye en die ingeslote hoek van een driehoek gelyk is aan twee sye en die ingeslote hoek van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.





b. Trek kongruente driehoeke deur die SHS-reël te gebruik. Dui die lengte van die driehoeke se sye aan.

**HSH-reël (Hoek – Sy – Hoek)**
As twee hoeke en die ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan twee hoeke en die ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.




c. Trek kongruente driehoeke deur die HSH-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan. Trek kongruente driehoeke met behulp van die HSH reël. Toon die lengte van die sye van die driehoeke.

**HHS-reël (Hoek – Hoek – Sy)**
As twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan ooreenstemmende twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.





d. Trek kongruente driehoeke deur die HHS-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan.

Teken:
Datum:

vervolg ☛


# 52b Kongruente driehoeke vervolg

**RSS-reël (Regte hoek – Skuinssy – Sy)**
As die skuinssy in 'n reghoekige driehoek en een ander sy gelyk is aan die skuinssy en ooreenstemmende sy in 'n ander driehoek, dan is beide driehoeke kongruent.




e. Trek kongruente driehoeke deur die RSS-reël te gebruik. Dui die lengte van die skuinssy aan as die twee ander sye 3 cm en 4 cm lank is.

**2. Watter van die volgende voorwaardes sou vir die driehoeke hieronder voldoende wees om kongruent te wees? Gee 'n verduideliking vir elkeen.**




a. a=d, x=r, b=e


b. a=d, y=s, z=t

c. c=f, y=t, b=e


d. a=e, y=t, z=s

**3. Dui aan of die volgende pare driehoeke kongruent is.**
As dit is, gee 'n rede vir jou antwoord deur die SSS-, HSH-, SHS-, SHH- of RSS-reëls te gebruik.


a.




b.




c.




**Probleemoplossing**

Soek na enige kongruente vorms in die natuur en maak 'n skets daarvan.

Teken:
Datum:

# 53 Lyne en hoeke

**Beskou hierdie prente en identifiseer al die lyne en hoeke.**



Watter impak het perspektief op die 2de en die 3de prent?

**Woorde wat jou kan help:**
- Lyn
- Lynsegment
- Halflyn (straal)
- Loodregte lyne
- Parallelle lyne
- Hoek
- Skerphoek
- Regte hoek
- Stomphoek
- Reguitlyn
- Inspringende hoek


**1. Benoem hierdie simbole wat jy gebruik as jy met hoeke en lyne werk.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| △ | ∠ | ⊥ | ‖ | ° | ∟ |
| $\overline{AB}$ | $\overleftrightarrow{AB}$ | $\overrightarrow{AB}$ | ≅ | ~ | ∴ |

a. Sê hoekom jy hierdie sal gebruik:

b. Sê hoekom jy hierdie nie sal gebruik nie:

**2. Wat het ons gehelp om hierdie lyn te trek?**




Trek die volgende lyne.

Gee die koördinate vir enige ander punt op hierdie lyn.

a. (1,1) en (3,3)


b. (2,7) en (5,5)

c. (6,5) en (7,6)

d. (4,1) en (7,3)

e. (1,4) en (3,4)

**3. Gebruik die grafiek om die vrae te beantwoord.**




a. Hoekom is lyn x = 4 'n vertikale lyn?

b. Wys dit op die grafiek.

c. Hoekom is lyn y = 3 'n horisontale lyn?

d. Wys dit op die grafiek.

e. Waar sal hierdie twee lyne loodreg teenoor mekaar wees?

f. Trek 'n lyn wat parallel is aan die lyn in a. (x = 4) en trek dan 'n lyn wat parallel is aan die lyn in c. (y = 3). Beskryf dit.

**4. Wat is 'n ander naam vir 'n 180°-hoek?**

**5. Gee 'n beskrywing van elkeen van die volgende woorde: skerp, stomp, regte en inspringende. Waar kan ons hierdie hoeke in ons alledaagse lewe aantref? Watter een word die algemeenste gebruik?**

**Probleemoplossing**

Wees kreatief en skryf 'n paragraaf oor hoe die wêreld sonder lyne en hoeke daar sou uitsien.


Teken:

Datum:


# 54 Komplementêre en supplementêre hoeke

**DEFINISIE** Twee hoek is komplementêr as dit altesaam 90 grade is.

Die hoeke hoef nie aangrensend te wees nie.



**DEFINISIE** Twee hoeke is supplementêr as dit altesaam 180 grade is.




**1. Trek die volgende hoeke en sê of dit komplementêre of supplementêre hoeke is. Bepaal die grootte van die hoek van 'n onbekende grootte.**

a. $\angle 1 + 30° = 90°$

b. $48° + \angle 2 = 180°$


c. $\angle 1 + \angle 2 = 90°$

d. $\angle 1 + 100° = 180°$

e. $36° + \angle 2 = 90°$

f. $\angle 1 + \angle 2 = 180°$

**2. Kyk na hierdie prent van dwarsbalke. Identifiseer en benoem die komplementêre en supplementêre hoeke.**



**3. Trek vyf verskillende pare van komplementêre hoeke en benoem dit.**

**4. Trek vyf verskillende pare van supplementêre hoeke en benoem dit.**

**5. Soek na enige komplementêre en supplementêre hoeke in jou alledaagse omgewing. Trek hierdie hoeke en benoem dit.**

**Probleemoplossing**

Kan twee stomphoeke komplementêr wees? Kan dit supplementêr wees? Verduidelik.

Teken:


Datum:




0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 55a Snylyne

Snylyne is reguitlyne wat oor ander (gewoonlik parallelle) reguitlyne sny. Hoekom is baie hoeke dieselfde in hierdie skets van 'n snylyn wat twee parallelle lyne kruis?




Hierdie hoeke kan in pare hoeke verander word wat dieselfde name het.




Parallelle lyne

Snylyn

**Vertikaal teenoorstaande hoeke:**
a = d; b = c; e = h; f = g


**Ooreenstemmende** hoeke:
a = e; b = f; c = g; d = h

**Verwisselende binne-**hoeke
c = f; d = e

**Verwisselende buite-** hoeke
a = h; b = g

**Opeenvolgende (of ko-) binnehoeke**
c + e = 180°d + f = 180°

**1. Meet elke hoek.**




∠1 = ___ ∠2 = ___ ∠3 = ___

∠4 = ___ ∠5 = ___ ∠6 = ___

∠7 = ___ ∠8 = ___

∠1+ ∠2 = en word _________ hoeke genoem.

Dit is dieselfde vir ___________________________

___________________________________________.

a. Bepaal al die vertikaal teenoorstaande hoeke. Skryf dit neer.


b. Bepaal al die ooreenstemmende hoeke. Skryf dit neer.


c. Bepaal al die verwisselende hoeke. Skryf dit neer.


d. Bepaal die ko-binnehoeke. Skryf dit neer.


e. Hoekom is hoeke 2 en 7 gelyk?

**2. Identifiseer en merk die vertikaal teenoorstaande hoek.**


a. 


b. 


c. 


d. 

**3. Identifiseer en merk die ooreenstemmende hoek.**

a. 

b. 

c. 

d. 

Teken:

Datum:

vervolg ☛





0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


# 55b Snylyne vervolg




**4. Identifiseer en merk die verwisselende hoek.**


a. 


b. 


c. 


d. 

**5. Identifiseer al die hoeke wat gelyk is aan die een wat gemerk is.**


a. 

b. 

c. 


d. 

**6. Hoe sou jy elke hoek uitwerk as hoek 1 gegee is?**




**Probleemoplossing**

As ∠ 1 = 105°, wat kan die groottes van ∠ s 2s tot 8 dan wees?




Teken:

Datum:

# 56 Pare hoeke

Beskou hierdie foto en bespreek dit.




1. Gebruik die kennis wat in vorige werkblaaie verwerf is om hoek BCD, CDB, DBC, ABD, BDE en BAE uit te werk. Jy kan die hoeke in enige volgorde van jou keuse uitwerk. Hoek BCD is 'n gelykhoekige driehoek. Hoek AED is 'n regte hoek.

2. Ontwikkel 'n soortgelyke "wipwaentjie"-probleem. Probeer om al die konsepte te gebruik wat jy tot dusver geleer het. Konstrueer en teken of plak jou prent hier.

Konsepte wat gebruik kan word wanneer jy probleme ontwikkel:
- Parallelle lyne
- Snylyn
- Vertikaal teenoorstaande hoeke
- Ooreenstemmende hoeke
- Verwisselende buitehoeke
- Opeenvolgende binnehoeke

**Probleemoplossing**

Los die probleem in vraag 2, wat jyself ontwikkel het, saam met 'n familielid op.

Teken:

Datum:

# 57a Toepassing van meetkundige figure en lyne




**Om hierdie werkblad te kan verstaan, moet jy die volgende konsepte ken. Hersien jou kennis daarvan deur 'n definisie vir elkeen te skryf.**

| | |
|---|---|
| Kongruensie | Translasie |
| 'n Lyn | Rotasie |
| Om te stip | Refleksie |




**1. Voltooi die volgende:**




a. Stip (2,5), (6,5), (2,9) en (6,9) op die rooster.

b. Verbind hierdie punte. Watter meetkundige figuur word so gevorm?

c. Benoem die hoekpunte A, B, C, D.


d. Trek 'n lyn EF van (1,10) na (7,4).

e. Waarin word jou meetkundige figuur nou gedeel?

f. Wat is die hoeke se groottes?

g. Is die twee figure kongruent aan mekaar en hoekom?

**2. Voltooi die volgende:**




a. Stip (1,9), (9,9) en (5,5). Verbind die punte. Verbind hulle en benoem die hoekpunte. Watter meetkundige figuur word gevorm?

b. Stip (1,1). Kan jy 'n ander meetkundige figuur vorm wat **kongruent** is aan die vorm in vraag 2a, deur die bestaande punte te gebruik?

c. Stip (5,1) en (3,3). Gebruik hierdie punte om 'n figuur te trek wat **gelyksoortig** is aan die figure in vraag 2a en 2b.

Teken:

Datum:

# 57b Toepassing van meetkundige figure en lyne vervolg

d. Plot (7,7) en (7,3). Trek lyne van (7,7) tot (7,3), van (7,3) tot (5,1) en van (7,3) tot (5,5). Watter geometriese figure het dit gevorm? Is hierdie geometriese figure kongruent aan enige ander vorms?

e. Stip (7,7). Trek 'n lyn van (7,7) na (7,3). Watter meetkundige figuur word gevorm? Is hierdie meetkundige figuur kongruent aan enige ander vorm?

**3. Ons kry dikwels kongruente meetkundige figure in die natuur en in kuns. Identifiseer sulke vorms in die prente.**








a. Skryf in jou eie woorde wat translasie beteken.

b. Kyk na die foto van die skoenlapper. Identifiseer die kongruente vorms. Wat merk jy op omtrent die vorms as jy dit met die vorms op die slang vergelyk?

c. Kyk na wat die juwele-ontwerper gemaak het. Identifiseer al die kongruente vorms. Watter tipe transformasies is gemaak?

**4. Trek kongruente figure op hierdie grafiek. Gebruik die kleure wat vir elke figuur aangedui is: translasie (swart), refleksie (blou) en rotasie (rooi).**




**Probleemoplossing**

Bespreek vraag 3 met 'n familielid.

Teken:

Datum:


Kwartaal 2



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


# 58a Pythagoras se stelling

**Hersien Pythagoras se stelling. Omtrent 2 500 jaar gelede het 'n man met die naam van Pythagoras 'n ongelooflike feit oor driehoeke ontdek. Kan jy nog onthou wat dit was?**




Wat is die grootte van blok A? ($4^2$)
Wat is die grootte van blok B? ($3^2$)
Wat is die grootte van blok C? ($5^2$)
Wat kan jy opmerk?

**1. Skryf 'n getallesin vir die volgende en los dit op.**




**2. Hier is die lengtes van die sye van 'n paar reghoekige driehoeke. Maak sketse om te wys dat die oppervlakte van die vierkant wat op die langste sy van elke reghoekige driehoek getrek is, gelyk is aan die totale oppervlakte van die vierkante wat op die ander twee sye getrek is. Jy moet baie mooi hieroor nadink. Jy sal ekstra papier nodig hê.**

| | Sy | Sy | Sy | |
|---|---|---|---|---|
| a. | 6 | 8 | 10 | |
| b. | 15 | 25 | 20 | |
| c. | 45 | 36 | 27 | |
| d. | 20 | 12 | 16 | |
| e. | 9 | 15 | 12 | |

**3. Skryf 'n vergelyking vir die volgende neer en bereken elke sy:**

**Voorbeeld**





$4^2 + 3^2 = 5^2$


$16 + 9 = 25$

$25 = 25$

a.




b.





Teken:
Datum:

vervolg ☛

# 58b Pythagoras se stelling vervolg


**4. Skryf 'n vergelyking vir elkeen van die volgende neer:**

**Voorbeeld**





$a^2 + b^2 = c^2$


a.





b.




c.





d.




**5. Bepaal die lengtes van die onbekende sye in die volgende reghoekige driehoeke. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.**

**Voorbeeld**




$x^2 = (3\text{ cm})^2 + (4\text{ cm})^2$


$x^2 = 9\text{ cm}^2 + 16\text{ cm}^2$

$x^2 = 25\text{cm}^2$


$x^2 = \sqrt{25\text{cm}^2}$

$x = 5\text{ cm}$


a.





b.




c.





d.




**Probleemoplossing**

a. Gee twee voorbeelde van waar ons Pythagoras in ons alledaagse lewe kan gebruik.


b. Themba loop soos daar in die diagram gewys word. Hy beweeg 145 m noord en 50 m wes van die beginpunt af. Hoe ver is Themba nou van die beginpunt af?




Teken:
Datum:


# 59a Meer omtrent die stelling van Pythagoras

**Lees die gesprek tussen hierdie twee bouers.**




**1. Bepaal die lengte van die reghoek se diagonaal.**

**Voorbeeld**




$x^2 = (3\text{ cm})^2 + (4\text{ cm})^2$


$x^2 = 9\text{ cm}^2 + 16\text{ cm}^2$

$x^2 = 25\text{cm}^2$


$x^2 = \sqrt{25\text{cm}^2}$

$x = 5\text{ cm}$


a.





b.




c.





d.




**2. Bepaal die lengte van die reghoek se diagonaal.**

**Voorbeeld**




$x^2 = (5\text{ cm})^2 + (8\text{ cm})^2$


$x^2 = 25\text{ cm}^2 + 64\text{ cm}^2$

$x^2 = 89\text{ cm}^2$


$x^2 = \sqrt{89\text{cm}^2}$

$x = 9{,}40\text{ cm}$

a.




b.




Teken:


Datum:

vervolg


# 59b Meer omtrent die stelling van Pythagoras vervolg



c.





d.





**3. Bepaal die onbekende sy op elkeen van hierdie gelykbenige driehoeke.**


a.





b.




c.





d.




**Probleemoplossing**

a. Lindiwe het haar leer teen die muur laat rus. Hoe ver strek die leer teen die muur op?




b. 'n Driehoekige gebied word geteël. Die sye van die oppervlakte is 8 cm, 12 cm en 18 cm. Is hierdie 'n reghoekige driehoek? Verduidelik jou antwoord.

Teken:

Datum:




# 60 Omtrek van 'n vierkant en reghoek; oppervlakte van 'n vierkant en reghoek

**Wat beteken hierdie formules? Verbind dit met die woorde aan die regterkant.**

| | |
|---|---|
| P = 4S | omtrek van vierkant |
| P = 2(l + w) of P = 2l + 2w | omtrek van reghoek |
| $A = l^2$ | oppervlakte van vierkant |
| A = l × w | oppervlakte van reghoek |

W = Wydte = Breedte = B

1. **Voltooi die tabel. Gee jou antwoorde in mm en cm.**

| Figuur | Watter formule sal jy gebruik om die volgende te bereken: | |
|---|---|---|
| | Omtrek | Oppervlakte |
|   | Formule:<br>P = mm = cm | Formule:<br>A = $mm^2$ = $cm^2$ |
|   | Formule:<br>P = mm = cm | Formule:<br>A = $mm^2$ = $cm^2$ |
|   | Formule:<br>P = mm = cm | Formule:<br>A = $mm^2$ = $cm^2$ |

2. **Konstrueer en bereken die oppervlakte en die omtrek van die volgende:**
   a. Reghoek ABCD waar AB = 2,4 cm en BC = 1,6 cm.
   b. Vierkant ABCD waar AB = 3,9 cm.
   c. Reghoek ABCD en vierkant BEFC, waar die reghoek en vierkant dieselfde sy BC deel en sy EF = 2,7 m en sy AB = 4,1 m.

**Probleemoplossing**

As die omtrek van 'n vierkant 24 cm is, wat is die lengte van elke sy?

Die omtrek van 'n reghoekige stuk grond is 29,5 m. As die lengte met 2 m verhoog word en die breedte met 1 m verminder word, bly die oppervlakte van die stuk grond onveranderd. Wys of dit waar of onwaar is.

Teken:

Datum:



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 61 Oppervlakte van 'n driehoek




**Hersien die formules:**

A = ½ (b × h)

Oppervlakte van 'n driehoek = ½ (basis × loodregte hoogte)

Elke driehoek het drie basisse (of sye), elkeen met 'n verwante hoogte. Hierdie hoogte van 'n driehoek is 'n lynsegment wat vanaf enige hoekpunt, wat loodreg aan die teenoorstaande sy is, getrek word.




Let wel: AD is die loodregte hoogte op BC van ΔABC


1. **Wat is die formule vir die berekening van die oppervlakte van 'n driehoek?**

2. **Trek die volgende driehoeke en bereken die oppervlakte deur die basis en die loodregte hoogte van elke driehoek te meet.**
   a. 'n Gelykbenige driehoek.
   b. 'n Reghoekige driehoek.
   c. 'n Ongelykbenige driehoek.

3. **Wat is die oppervlakte van 'n driehoek wat 'n:**
   a. Basis van 4 cm en 'n hoogte van 2,3 cm het?
   b. Basis van 2,8 cm en 'n hoogte van 3,6 cm het?
   c. Basis van 34 mm en 'n hoogte van 4,2 cm het?

4. **Wat is die lengte van die basis van 'n driehoek wat 'n oppervlakte van 40 cm² en 'n hoogte van 4 cm het?**

5. **Bereken die oppervlakte.** AB = 3,0 cm
   AG = 1,5 cm
   AG = ED
   CD = 2




**Probleemoplossing**

As die oppervlakte van 'n driehoek 5,635 cm² is, wat kan die hoogte dan wees?

Teken:

Datum:




0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 62 Oppervlakte van parallelogramme en trapesiums


**Hersien:**
A = l × w — Oppervlakte van 'n reghoek
A = ½ (b × h) — Oppervlakte van 'n driehoek

Om die oppervlakte van 'n **parallelogram** te bepaal, kan ons 'n soortgelyke formule gebruik as vir die oppervlakte van 'n reghoek deur die lengte van die basis (lengte) met die loodregte hoogte te vermenigvuldig.





A = b × h
= 4,2 cm × 2,5 cm
= 10,5 cm$^2$

Die parallelogram kan in driehoeke verdeel word.




Om die oppervlakte te bepaal van 'n **trapesium** waarvan die lengte van die parallelle sye a eenhede en b eenhede is en die loodregte afstand daartussen h eenhede is, gebruik ons hierdie formule:

$$A = \frac{1}{2}(a+b)h$$




1. **Wat is die formule vir die berekening van die:**
   a. Oppervlakte van 'n parallelogram.
   b. Oppervlakte van 'n trapesium.

2. **Bepaal die oppervlakte van 'n trapesium, waarvan die parallelle sye 10,5 cm en 8,2 cm en die loodregte afstand tussen die sye 4 cm is.**

3. **Bepaal die oppervlakte van 'n parallelogram met basis 6,4 cm en hoogte 3,8 cm.**

**Probleemoplossing**

As die oppervlakte van die trapesium 39 cm$^2$ is, wat kan die hoogte dan wees?


Teken:
Datum:

# 63 Oppervlakte van 'n rombus en 'n vlieër

**Oppervlakte van 'n rombus**


'n Rombus is 'n spesiale soort parallelogram en die oppervlakte daarvan kan met dieselfde formule (A = b × h) of met hierdie formule bepaal word, waar die oppervlakte die helfte is van die produk wanneer die lengtes van die twee diagonale met mekaar vermenigvuldig word.

$$A = \frac{1}{2}xy$$




**Oppervlakte van 'n vlieër**

'n Vlieër het twee pare aangrensende sye wat gelyk is en een paar teenoorstaande hoeke wat gelyk is. Diagonale sny mekaar by regte hoeke. Een diagonaal word deur die ander gehalveer. Beskou die oppervlakte van die volgende vlieër.




Diagonaal AC = x
Diagonaal BD = y

$$A = \frac{1}{2}xy$$


**1. Wat is die formule vir die berekening van die:**

a. Oppervlakte van 'n rombus

b. Oppervlakte van 'n vlieër

**2. Bepaal die oppervlakte van 'n rombus met diagonale wat 12,5 cm en 18,5 cm meet.**

**3. Bepaal die oppervlakte van hierdie vlieër.**




Diagonaal AC = 22,5 cm
Diagonaal BD = 16,5 cm

a. Gebruik die formule.

b. Gebruik die formule vir 'n driehoek.

**Probleemoplossing**

As die oppervlakte van die vlieër 112 $cm^2$ is, wat kan die diagonale daarvan wees?

Teken:

Datum:

# 64 Oppervlakte van 'n sirkel


Hersien die formules vir alle poligone wat jy tot dusver geleer het. Is 'n sirkel 'n poligoon of nie? Hoekom?

**Oppervlakte van 'n sirkel**

Die oppervlakte van 'n sirkel word deur 'n formule gegee:

Oppervlakte = $\pi r^2$ waar $\pi = \frac{22}{7}$ en r die radius is.

Let wel: Die waarde van $\pi$ is 'n desimaal wat vir ewig aangaan, maar ons beperk dit gewoonlik tot drie desimale plekke: 3,142.




**1. Wat is die formule vir die berekening van die oppervlakte van 'n sirkel? Toets die formule.**

**2. Konstrueer, benoem en bereken die volgende sirkels met hierdie middellyne.**

a. 14 cm

b. 10,4 cm

c. 78 cm

**Probleemoplossing**

As die oppervlakte van die sirkel 154 $cm^2$ is, wat is die radius dan?

Teken:

Datum:

